

GEREELDE VRAE VIR BTW-ONDERNEMERS OOR COVID-19-BELASTINGVERLIGTING

Nr.	Vraag & Antwoord
1	<p>V: Wat is die COVID-19-belastingverligting vir ondernemers? A: Gedurende April 2020, het die regering maatreëls aangekondig om BTW-ondernemers by te staan wat negatiewe kontantvloei ondervind as gevolg van die COVID-19-inperking. Daarvolgens, sal BTW-ondernemers wat tans geregistreer is om BTW-opgawes op 'n tweemaandelikse basis in te dien, toegelaat word om BTW-opgawes op 'n maandelikse basis in te dien, en sodoende in staat wees om enige verskuldige BTW-terugbetalings vroeër te ontsluit. Die versagting word in staat gestel deur die voorgestelde wysiging in die konsep-rampbestuurbelastingverligting administrasie wetsontwerp 2020, en sal vir 'n maksimum tydperk van vier maande in werking wees, soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • BTW-ondernemers, tans geregistreer ingevolge kategorie A, sal toegelaat wees om maandelikse BTW-opgawes in te dien vir die April 2020 tot Mei 2020 belastingtydperke, en die Junie 2020 tot Julie 2020 belastingtydperke, indien sodanige ondernemer dit so verkies; • BTW-ondernemers wat tans ingevolge kategorie B geregistreer is, sal toegelaat word om maandelikse BTW-opgawes in te dien vir die Mei 2020 tot April 2020 belastingtydperke, en die Julie 2020 tot August 2020 belastingtydperke, indien sodanige ondernemer dit so verkies; • Sou 'n BTW-ondernemer, wat tans geregistreer is ingevolge kategorie B, verkies om 'n maandelikse BTW-opgawe vir Julie 2020 (omdat dit sal lei tot 'n BTW-terugbetaling) in te dien, sal 'n maandelikse BTW-opgawe vir Augustus 2020 vereis word (ongeach of dit sal lei tot 'n BTW-terugbetaling of nie) om die normale tweemaandelikse siklus af te sluit. <p>Dus is daar geen vereiste vir die BTW-ondernemer om 'n aansoek tot die kommissaris te rig om die kategorie na 'n kategorie C (die maandelikse indieningskategorie) te verander nie, d.w.s. dat die BTW-ondernemer onder kategorie C geag word, sou sodanige BTW-ondernemer kies om 'n maandelikse opgawe in te dien.</p> <p>Enige uitsetbelasting, aan leweransies toeskryfbaar, wat gedurende die maand gemaak is, moet verklaar word soos vereis deur die tyd-van-loweringreëls in die maand ingevolge waarvoor die opgawe ingedien word.</p>
2	<p>V: Watter werkgewers kwalifiseer vir die COVID-19-belastingverligting vir VAT? A: Om te kwalifiseer vir die COVID-19-BTW-terugbetalingsverligting, moet BTW-ondernemers:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tans geregistreer wees ingevolge òf kategorie A òf B • Ten volle nakomend wees, wat beteken: <ul style="list-style-type: none"> ○ Geregistreer vir alle vereiste belastings;

	<ul style="list-style-type: none"> ○ Geen uitstaande opgawes hê vir enige belastings waarvoor hy/sy geregistreer is nie; ○ Geen uitstaandebelastingskuld hê nie, insluitend belastingskuld waarvoor 'n ooreenkoms in plek is vir paaientbetalingsreëling nie, of 'n skikking of opgeskorte belastingskuld hangende 'n beswaar of appèl nie, of belastingskuld van R100 of minder nie. 									
3	<p>V: Hoe kan ek nagaan of ek nakomend is? A: A: Om te bepaal of jy belastingnakomend is, kan jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Jou belastingnakomingprofiel besigtig deur die “My Compliance Profile” blad; • Die nuutste rekeningstaat versoek vir die belastings waarvoor jy geregistreer is; • Skakel die SARS-kontaksentrum om jou nakomingstatus te versoek. 									
4	<p>V: Vir watter tydperke kan ek die COVID-19-belastingverligting vir BTW-terugbetalingsverligting vir ondernemers eis? A: Die COVID-19-belastingverligting vir BTW-ondernemers is beskikbaar soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • BTW-ondernemers, tans geregistreer ingevolge kategorie A, sal toegelaat wees om maandelikse BTW-opgawes in te dien vir die April 2020 tot Mei 2020 belastingtydperke, en die Junie 2020 tot Julie 2020 belastingtydperke, indien sodanige ondernemer dit so sou verkies; • BTW-ondernemers wat tans ingevolge kategorie B geregistreer is, sal toegelaat word om maandelikse BTW-opgawes in te dien vir die Mei 2020 tot April 2020 belastingtydperke, en die Julie 2020 tot August 2020 belastingtydperke, indien sodanige ondernemer dit so verkies; <p>Sou 'n BTW-ondernemer, wat tans geregistreer is ingevolge kategorie B, verkies om 'n maandelikse BTW-opgawe vir Julie 2020 (omdat dit sal lei tot 'n BTW-terugbetaling) in te dien, sal 'n maandelikse BTW-opgawe vir Augustus 2020 vereis word (ongeach of dit sal lei tot 'n BTW-terugbetaling of nie) om die normale tweemaandelikse siklus af te sluit. Dieselfde beginsel sal van toepassing wees op 'n BTW-ondernemer wat tans geregistreer ingevolge kategorie A.</p>									
5	<p>V: Watter BTW-opgawe tydperke sal toegelaat word volgens my indieningskategorie? Kategorie A-indieningstydperk:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorbeeld vir 2020 indiening: <table border="1" data-bbox="327 1865 1278 1984"> <thead> <tr> <th>Vir tydperk</th> <th>Dien in</th> <th></th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Des 2019 - Jan 2020</td> <td>Feb 2020</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Feb 2020 - Mar 2020</td> <td>Apr 2020</td> <td></td> </tr> </tbody> </table>	Vir tydperk	Dien in		Des 2019 - Jan 2020	Feb 2020		Feb 2020 - Mar 2020	Apr 2020	
Vir tydperk	Dien in									
Des 2019 - Jan 2020	Feb 2020									
Feb 2020 - Mar 2020	Apr 2020									

April 2020	Mei 2020	* maand 1 van versagting
Mei 2020	Jun 2020	* maand 2 van versagting
Jun 2020	Jul 2020	* maand 3 van versagting
Jul 2020	Aug 2020	* maand 4 van versagting
Aug 2020 - Sep 2020	Okt 2020	
Okt 2020 - Nov 2020	Des 2020	

Kategorie B-indieningstydperk:

- Voorbeeld vir 2020 indiening:

Vir tydperk	Dien in	
Jan 2020 - Feb 2020	Mar 2020	
Mar 2020 - Apr 2020	Mei 2020	
Mei 2020	Jun 2020	* maand 1 van versagting
Jun 2020	Jul 2020	* maand 2 van versagting
Jul 2020	Aug 2020	* maand 3 van versagting
Aug 2020	Sept 2020	* maand 4 van versagting
Sep 2020 - Okt 2020	Nov 2020	
Nov 2020 - Des 2020	Jan 2021	

V: Hoe kan ek my BTW-opgawe indien?

6 A: Ondernemers kan die BTW-opgawe deur eFiling indien op of voor die laaste werksdag van die maand, en deur enige SARS-tak teen die 25ste (of die laaste werksdag voor) na die einde van die belastingtydperk.

Let wel: BTW gehef op leweransies gemaak (uitsetbelasting) minus BTW betaal aan jou verskaffers (insetbelasting) en ander toelaatbare aftrekkings = die BTW-bedrag betaalbaar/terugbetaalbaar.

7 V: Wanneer is ek geregtig op 'n terugbetaling?
A: Indien 'n ondernemer geregtig is op 'n BTW-terugbetaling, word SARS vereis om sodanige BTW-terugbetaling binne 21 werksdae uit te betaal, vanaf ontvangs van die korrek-voltooid BTW-opgawe ten opsigte van sodanige BTW-terugbetaling, sonder dat enige rente op sodanige BTW-terugbetaling gehef word.